MM 29

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEEK
19-4-1972
LIBRARY
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

HUMANITAS
RGN • HSRC

# werkgeleenthede in die noord-sothogrensgebiede

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

001.3072068 HSRC
MM 29

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 28831

Telegramme: RAGEN

Klasnr./Class No. 001.3072068 HSRC MM 29
Registernr./No. 21974/6
RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEEK LIBRARY
HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL
W.P. 809 7/69

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

**Institute van die RGN**

Geskiedenisnavorsing
Inligting en Spesiale Dienste
Kommunikasienavorsing
Mannekragnavorsing
Navorsingsontwikkeling
Opvoedkundige Navorsing
Psigometriese Navorsing
Sosiologiese Navorsing
Statistiese Navorsing
Taal, Lettere en Kuns
Administrasie

**Funksie van die RGN**

**Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.**

21974/6

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

HUMANITAS
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

-9 JUL 1976
29. 4. 77
8. 79
80 9. 30.

THOGRENSGEBIEDE

IOFF, B.COM. (Hons.)

NNEKRAGNAVORSING

EKTEUR: W. VERHOEF

0000442582

2844363866

PRETORIA

1972

S Durrant & Viljoen, Pta

001.3072068 HSRC MM 29
*044258*

Verslag nr. MM-29

Prys 70c

Kopiereg voorbehou

Slegs in Afrikaans beskikbaar

ISBN 0 86965 045 9

VOORWOORD

Of grensgebiedontwikkeling nou ook al gesien word vanuit die standpunt van afsonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe of vanuit die standpunt van nywerheidsdesentralisasie maak weinig verskil aan die belangrikheid daarvan vir die owerheid, die nyweraar, die werker en die verbruiker in die Republiek van Suid-Afrika. Daarom word aanvaar dat betroubare en resente gegewens oor die vordering wat daar met die vestiging van sekondêre nywerhede in grensgebiede gemaak word, vir beide die owerheidsektor en die private sektor belangrik is.

Hierdie verslag, een uit 'n reeks van vyf wat elkeen op 'n ander grensgebied betrekking het, handel oor verskeie aspekte van die werkgeleenthede wat daar in die sekondêre nywerhede in die Groblersdalse, Warmbadse, Waterbergse, Potgietersrustse en Pietersburgse landdrosdistrikte bestaan. Die Noord-Sotho-tuislande lê binne die grense van die vyf landdrosdistrikte. Die ander vier verslae sal betrekking hê op die grensgebiede wat na aan die Tswana-, die Transkeise en Ciskeise, die Oos-Transvaalse en die Natalse tuislande geleë is.

Beide die sekondêre nyweraars in die gebied en die Departement van Beplanning sonder wie se samewerking die opstelling van hierdie verslag onmoontlik sou gewees het, word hartlik bedank.

P. M. Robbertse
PRESIDENT

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
20-2-1974
STANDKODE | REGISTERNOMMER
001.3072068 HSRC
21974/6
6
Admin.

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 2 | DIE DOEL | 1 |
| 3 | METODE | 2 |
| 4 | BEGRIPSOMSKRYWINGS | 2 |
| 4.1 | Grensgebied | 2 |
| 4.2 | Werkgeleenthede | 2 |
| 5 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS LANDDROSDISTRIK | 2 |
| 6 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR | 3 |
| 7 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP | 4 |
| 8 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES | 9 |
| 9 | ARBEIDSTEKORTE | 11 |
| 10 | GROEI IN WERKGELEENTHEDE NOVEMBER 1969 TOT NOVEMBER 1973 | 12 |
| 10.1 | Groei in werkgeleenthede van November 1969 tot November 1970 | 13 |
| 10.2 | Die verwagte groei in werkgeleenthede van November 1970 tot November 1973 | 15 |
| 11 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS ONDERNEMINGSGROOTTE | 17 |
| 12 | SAMEVATTING | 18 |
| 13 | SLOT | 19 |
| | LITERATUURLYS | 20 |
| | BYLAE : VRAELYS | 21 |

TABELLE


| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5.1 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS LANDDROSDISTRIK EN BEVOLKINGSGROEP | 3 |
| 6.1 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEVOLKINGSGROEP | 4 |
| 6.2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN LANDDROSDISTRIK | 5 |
| 7.1 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN BEVOLKINGSGROEP | 6 |
| 7.2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR | 7 |
| 7.3 | GEVULDE WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP, BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG | 8 |
| 8.1 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS AKADEMIESE KWALIFIKASIEVEREISTES, BEROEPS=GROEP EN BEVOLKINGSGROEP | 10 |
| 8.2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE EN BEVOLKINGSGROEP | 10 |
| 9.1 | ARBEIDSTEKORTE VOLGENS BEROEPSGROEP EN BEVOLKINGSGROEP | 11 |
| 10.1 | GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS DISTRIK EN BEVOLKINGSGROEP 1969-1970 | 13 |
| 10.2 | GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEVOLKINGS=GROEP 1969-1970 | 14 |
| 10.3 | VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS DISTRIK 1970-1973 | 16 |
| 10.4 | VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR 1970-1973 | 16 |
| 10.5 | VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP 1970-1973 | 16 |
| 11.1 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS ONDERNEMINGSGROOTTE | 18 |

INLEIDING

Indien aanvaar word dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling van be= volkingsgroepe meebring dat (a) die migrasiestroom van Bantoes vanaf die Ban= toetuislande na die Blanke metropolitaanse gebiede omgekeer moet word in 'n mi= grasiestroom van Bantoes vanaf die Blankegebiede na die Bantoetuislande en (b) die Bantoetuislande ekonomies ontwikkel moet word, dan kan die rasionaal van die beleid van grensgebiedontwikkeling sonder meer daarvan afgelei word.

Eerstens is dit onwaarskynlik dat die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande self binne die eersvolgende dekade of twee so snel sal kan geskied dat daar vir alle nuwe Bantoetoetreders tot die arbeidsmag binne die grense van die Bantoetuislande werkgeleenthede geskep sal kan word. Gevolg= lik sal sommige van hulle elders werk moet vind en die logiese plek is in die grensgebiede aangesien dit die enigste plek is waar hul buite hul tuisland kan werk en binne hul tuisland kan woon.

Tweedens vereis die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande dat potensiële Bantoe-ondernemers vertroud gemaak moet word met moderne bestuurs- en produksietegnieke, sommige waarvan net deur of ten beste deur praktiese ervaring aangeleer kan word. Dit kan, vir sover as wat dit nie in die Bantoe= tuislande self gedoen kan word nie, ten beste in grensgebiednywerhede gedoen word.

Derdens kan 'n grootskaalse terugvloei van Bantoes na die Bantoetuislande moontlik 'n dempende uitwerking hê op ekonomiese groei in die Blankegebiede. Die beleid van grensgebiedontwikkeling stel egter die moontlikheid daar dat aan beide die Blanke en die Bantoenywerheidswerker werk verskaf kan word in een en dieselfde onderneming sonder dat die een in die ander een se tuisland hoef te gaan bly.

Die gunstige newe-effekte van die beleid van grensgebiedontwikkeling waaronder sake soos goedkoper arbeid, behuising, vervoer, water- en kragvoor= siening tel, het egter tot gevolg gehad dat dit vandag veel eerder gesien word as 'n geleentheid vir nywerheidsdesentralisasie wat nie net op grond van politieke redes nie, maar ook op grond van sosiologiese en veral ekonomiese redes uiters wenslik is (kyk ook Potgieter 1,5).

Afgesien van wat die beleid ook al genoem word, is dit vandag 'n integra= le deel van die land se politieke en ekonomiese lewenspatroon en is dit vir die beleidmakende en uitvoerende owerhede noodsaaklik om voortdurend op die hoogte te wees met die vordering wat daar met die uitvoering van die beleid gemaak word.

In hierdie verslag sal daar gepoog word om die vordering wat daar met die skepping van werkgeleenthede in sekondêre nywerhede in vyf grensdistrikte ge= maak is, oorsigtelik aan te toon. Die Noord-Sothotuislande lê binne die gren= se van die vyf landdrosdistrikte wat in hierdie opname ingesluit is.

Daar moet egter voortdurend in gedagte gehou word dat hierdie verslag slegs betrekking het op werkgeleenthede in sekondêre nywerhede. Die belangrikheid van primêre en tersiêre nywerhede as werkverskaffers word daarmee glad nie ontken nie. Daar word inteendeel deeglik besef dat van die grootste werkgewers in die gebied juis primêre ondernemings is waaronder land= bou-ondernemings in Zebediela en Groblersdal en myne te Rooiberg en Saaiplaas.

2 DIE DOEL

Die doel met hierdie ondersoek is om -

(a) vas te stel hoeveel werkgeleenthede daar in die Blankegebiede van die landdrosdistrikte Warmbad, Groblersdal, Pietersburg, Potgietersrust en Waterberg volgens nywerheidsektor, beroepsgroep, kwalifikasievereiste, geslag en bevolkingsgroep in sekondêre nywerhede (vervaardigingsektor) bestaan,

(b) vas te stel wat die groei in werkgeleenthede in die sekondêre nywer=

hede in die gebied van 1969 tot 1970 was,

(c) die werkgewers se mening in verband met die moontlike groei in werk= geleenthede in sekondêre nywerhede van 1970 tot 1973 in te win, en

(d) vas te stel wat die kwalifikasievereistes is wat deur sekondêre ny= werheidswerkgewers in die gebied aan werknemers gestel word.

## 3 METODE

Die opname van werkgeleenthede is gedurende November 1970 in die land= drosdistrikte van Warmbad, Groblersdal, Pietersburg, Potgietersrust en Water= berg gedoen. Alle sekondêre nywerheidswerkgewers in die vyf distrikte is deur 'n veldwerker besoek en die verlangde inligting ten opsigte van hulle on= dernemings is op 'n vraelys (kyk Bylae ) ingevul.

## 4 BEGRIPSOMSKRYWINGS

### 4.1 GRENSGEBIED

Vir doeleindes van hierdie studie word die vyf landdrosdistrikte Warmbad, Groblersdal, Pietersburg, Potgietersrust en Waterberg in hul geheel maar met uitsondering van die dele daarvan wat as Bantoetuislande geklassifiseer is, as grensgebiede beskou, aangesien hulle as sodanig deur die Departement van Beplanning aangedui is.

### 4.2 WERKGELEENTHEDE

Vir doeleindes van hierdie studie sal werkgeleenthede beskou word as be= staande uit -

(a) die getal gevulde poste vir werknemers, dit wil sê die getal werk= nemers wat werklik in diens van sekondêre nywerheidsondernemings is, plus

(b) die getal ongevulde poste vir werknemers, dit wil sê die getal ad= disionele werkers wat die werkgewers tans in sekondêre nywerheidsondernemings in diens sal wil neem, plus

(c) die getal werkende eienaars van sekondêre nywerheidsondernemings wat werklik aktief in hul eie ondernemings werksaam is.

## 5 WERKGELEENTHEDE VOLGENS LANDDROSDISTRIK

In tabel 5.1 word die gebied se werkgeleenthede volgens landdrosdistrik en bevolkingsgroep ontleed.

Soos uit tabel 5.1 A blyk is daar 4258 nywerheidswerkgeleenthede in hier= die grensgebied waarvan 709 of 16,7 persent vir Blankes en 3549 of 83,3 per= sent vir Nie-Blankes is. Die verhouding van die getal werkgeleenthede vir Blankes tot dié vir Nie-Blankes is dus 1 tot 5,0. Van die 4258 nywerheids= werkgeleenthede kom 2335 of 54,8 persent in die Pietersburgse landdrosdistrik voor terwyl 'n verdere 1201 of 28,2 persent in die Potgietersrustse landdros= distrik voorkom (tabel 5.1 B). Drie en tagtig persent van die getal werkge= leenthede in die gebied kom dus in slegs twee van die vyf landdrosdistrikte voor.

Verder is dit uit tabel 5.1 B opvallend dat so 'n klein persentasie van die gebied se werkgeleenthede (2,8%) in die Waterbergse landdrosdistrik voor= kom. Dit wil selfs voorkom asof die getal werkgeleenthede in die distrik oor die afgelope drie of vier dekades kon gedaal het. Nywerheidsondernemings wat 30 of 40 jaar gelede florerende sake gedoen het, waaronder 'n steenmakery en saagmeule op Nylstroom, Malan se meubelfabriek, Sandrivierspoort, Plomp en Blindefontein se graanmeulens, bestaan vandag nie meer nie. Daarteenoor het die Groblersdalse landdrosdistrik wat 40 jaar gelede nog nie eens as 'n afson= derlike landdrosdistrik bestaan het nie en selfs nie eens 'n dorp gehad het nie en gevolglik beslis minder nywerheidswerkgeleenthede as Waterberg gehad het, vandag meer as die Waterbergse landdrosdistrik. Ook in die Potgietersrustse

landdrosdistrik was daar 40 jaar gelede na alle waarskynlikheid minder nywerheidswerkgeleenthede as wat daar in die Waterbergse landdrosdistrik was. Vanuit die oogpunt van die beleid van afsonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe en meer in die besonder die beleid van grensgebiedontwikkeling bestaan daar egter geen rede om die verandering te betreur nie, aangesien Potgietersrust, Groblersdal en Marble Hall (laasgenoemde geleë in die Groblersdalse landdrosdistrik) al drie na aan Bantoetuislande geleë is, terwyl Nylstroom wat die hoofdorp van die Waterbergse landdrosdistrik is, relatief vèr van 'n Bantoetuisland af geleë is.

TABEL 5.1

WERKGELEENTHEDE VOLGENS LANDDROSDISTRIK EN BEVOLKINGSGROEP

A

| Landdrosdistrik | Bevolkingsgroep | | | | | | Verhouding Blank tot Nie-Blank |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | | |
| | N | % | N | % | N | % | |
| Warmbad | 49 | 20,8 | 186 | 79,2 | 235 | 100 | 1 : 3,8 |
| Groblersdal | 59 | 16,1 | 308 | 83,9 | 367 | 100 | 1 : 5,2 |
| Pietersburg | 333 | 14,3 | 2002 | 85,7 | 2335 | 100 | 1 : 6,0 |
| Potgietersrust | 257 | 21,4 | 944 | 78,6 | 1201 | 100 | 1 : 3,7 |
| Waterberg | 11 | 9,2 | 109 | 90,8 | 120 | 100 | 1 : 9,9 |
| TOTAAL | 709 | 16,7 | 3549 | 83,3 | 4258 | 100 | 1 : 5,0 |

B

| Landdrosdistrik | Blank N | Blank % | Nie-Blank N | Nie-Blank % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Warmbad | 49 | 6,9 | 186 | 5,2 | 235 | 5,6 |
| Groblersdal | 59 | 8,3 | 308 | 8,7 | 367 | 8,6 |
| Pietersburg | 333 | 47,0 | 2002 | 56,4 | 2335 | 54,8 |
| Potgietersrust | 257 | 36,2 | 944 | 26,6 | 1201 | 28,2 |
| Waterberg | 11 | 1,6 | 109 | 3,1 | 120 | 2,8 |
| TOTAAL | 709 | 100 | 3549 | 100 | 4258 | 100 |

Uit tabel 5.1 A blyk dat die bevolkingsamestelling van die sekondêre nywerheidswerkers in die vyf landdrosdistrikte wissel ten opsigte van 'n Blank- tot Nie-Blankverhouding van 1 tot 9,9 in die Waterbergse landdrosdistrik tot 1 tot 3,7 in die Potgietersrustse landdrosdistrik. Vir die gebied as geheel is die verhouding 1 tot 5.

## 6 WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

In tabel 6.1 word die gebied se sekondêre nywerheidswerkgeleenthede ontleed volgens nywerheidsektor en bevolkingsgroep en in tabel 6.2 volgens nywerheidsektor en landdrosdistrik.

Soos uit tabel 6.1 B blyk kom meer as die helfte (50,2%) van die gebied se sekondêre nywerheidswerkgeleenthede voor in die voedsel, drank en tabaknywerheidsektor. Die verskynsel is egter verstaanbaar indien in gedagte gehou word dat al vyf die landdrosdistrikte oor groot gebiede beskik wat as vooruitstrewende landboustreke beskryf kan word en dat al die ondernemings in die voedsel-, drank- en tabaksektor die verdere verwerking van plaaslik geproduseerde landbou- en veeteeltprodukte ten doel het. In die verband speel veral die maal van graan en die bak van brood 'n belangrike rol. Behalwe meulens en bakkerye word ook brouerye (Bantoebier), moutfabrieke, slagpale, suiwelfabrieke asook een vleisverwerkingsfabriek en twee fabrieke wat groente en vrugte preserveer, in die gebied aangetref.

TABEL 6.1

WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEVOLKINGSGROEP

A

| Nywerheidsektor | Bevolkingsgroep | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Voedsel, drank en tabak | 253 | 11,8 | 1883 | 88,2 | 2136 | 100 |
| Tekstiel en leer | 18 | 19,8 | 73 | 80,2 | 91 | 100 |
| Hout | 21 | 13,2 | 138 | 86,8 | 159 | 100 |
| Papier | 55 | 63,2 | 32 | 36,8 | 87 | 100 |
| Chemikalieë | 5 | 25,0 | 15 | 75,0 | 20 | 100 |
| Minerale (nie-metaal) | 58 | 9,7 | 543 | 90,3 | 601 | 100 |
| Metaal | 299 | 25,7 | 865 | 74,3 | 1164 | 100 |
| TOTAAL | 709 | 16,7 | 3549 | 83,3 | 4258 | 100 |

B

| Nywerheidsektor | Blank N | Blank % | Nie-Blank N | Nie-Blank % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Voedsel, drank en tabak | 253 | 35,7 | 1883 | 53,0 | 2136 | 50,2 |
| Tekstiel en leer | 18 | 2,5 | 73 | 2,1 | 91 | 2,1 |
| Hout | 21 | 3,0 | 138 | 3,9 | 159 | 3,7 |
| Papier | 55 | 7,8 | 32 | 0,9 | 87 | 2,1 |
| Chemikalieë | 5 | 0,7 | 15 | 0,4 | 20 | 0,5 |
| Minerale (nie-metaal) | 58 | 8,1 | 543 | 15,3 | 601 | 14,1 |
| Metaal | 299 | 42,2 | 865 | 24,4 | 1164 | 27,3 |
| TOTAAL | 709 | 100 | 3549 | 100 | 4258 | 100 |

In slegs een van die vyf landdrosdistrikte naamlik Potgietersrust is min=der as 50 persent van die distrik se sekondêre nywerheidswerkgeleenthede in die voedsel-,drank- en tabaksektor (kyk tabel 6.2 B). Die toestand kan egter hoofsaaklik toegeskryf word aan die besonder hoë relatiewe indiensneming by een enkele onderneming in die distrik. Die getal werkgeleenthede in die be=trokke fabriek was naamlik 414 wat 34,5 persent van die totale sekondêre nywerheidswerkgeleenthede in die distrik verteenwoordig. Die werkgeleenthede in die fabriek word dan ook duidelik weerspieël in die feit dat 40,2 persent van die distrik se sekondêre nywerheidswerkgeleenthede in die metaalnywerheid=sektor voorkom.

Blykens tabel 6.2 A is daar in slegs twee van die vyf landdrosdistrikte te wete Potgietersrust en Pietersburg, sprake van industrialisasie wat op an=der grondstowwe as die plaaslik geproduseerde akkerbou- en veeteeltprodukte gebaseer is. Die twee distrikte is naamlik saam verantwoordelik vir 94,8 per=sent van die werkgeleenthede in die metaalnywerheid, 88,5 persent van die werkgeleenthede in die papiernywerheid, 93,8 persent van die werkgeleenthede in die mineraalnywerheid, 100 persent van die werkgeleenthede in die chemiese nywerheid en 83,1 persent van die werkgeleenthede in die houtnywerheid. Ver=der moet ook onthou word dat 'n belangrike persentasie van die ondernemings in die metaalnywerheid se hoofbedrywigheid die vervaardiging van landbou-imple=mente is. Daar kan dus beweer word dat die gebied se sekondêre nywerheidsbe=drywighede grootliks op die landbou steun.

## 7 WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP

Die beroepstruktuur van die sekondêre nywerheidswerkgeleenthede in die gebied word in tabel 7.1 volgens bevolkingsgroep ontleed.

TABEL 6.2

WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN LANDDROSDISTRIK

Landdrosdistrik
(A)

| Nywerheidsektor | Warmbad | | Groblersdal | | Pietersburg | | Potgietersrust | | Waterberg | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 Voedsel, drank en tabak | 196 | 9,2 | 224 | 10,5 | 1244 | 58,2 | 379 | 17,7 | 93 | 4,4 | 2136 | 100 |
| 2 Tekstiel en leer | | | 74 | 81,3 | | | 17 | 18,7 | | | 91 | 100 |
| 3 Hout | | | | | 102 | 64,2 | 30 | 18,9 | 27 | 16,9 | 159 | 100 |
| 4 Papier | 10 | 11,5 | | | 41 | 47,1 | 36 | 41,4 | | | 87 | 100 |
| 5 Chemikalieë | | | | | 20 | 100 | | | | | 20 | 100 |
| 6 Minerale (nie-metaal) | | | 37 | 6,2 | 308 | 51,2 | 256 | 42,6 | | | 601 | 100 |
| 7 Metaal | 29 | 2,5 | 32 | 2,7 | 620 | 53,3 | 483 | 41,5 | | | 1164 | 100 |
| TOTAAL | 235 | 5,6 | 367 | 8,6 | 2335 | 54,8 | 1201 | 28,2 | 120 | 2,8 | 4258 | 100 |

Landdrosdistrik
(B)

| Nywerheidsektor | Warmbad | | Groblersdal | | Pietersburg | | Potgietersrust | | Waterberg | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 Voedsel, drank en tabak | 196 | 83,4 | 224 | 61,0 | 1244 | 53,3 | 379 | 31,6 | 93 | 77,5 | 2136 | 50,2 |
| 2 Tekstiel en leer | | | 74 | 20,2 | | | 17 | 1,4 | | | 91 | 2,1 |
| 3 Hout | | | | | 102 | 4,4 | 30 | 2,5 | 27 | 22,5 | 159 | 3,7 |
| 4 Papier | 10 | 4,3 | | | 41 | 1,8 | 36 | 3,0 | | | 87 | 2,1 |
| 5 Chemikalieë | | | | | 20 | 0,8 | | | | | 20 | 0,5 |
| 6 Minerale (nie-metaal) | | | 37 | 10,1 | 308 | 13,2 | 256 | 21,3 | | | 601 | 14,1 |
| 7 Metaal | 29 | 12,3 | 32 | 8,7 | 620 | 26,5 | 483 | 40,2 | | | 1164 | 27,3 |
| TOTAAL | 235 | 100 | 367 | 100 | 2335 | 100 | 1201 | 100 | 120 | 100 | 4258 | 100 |

TABEL 7.1

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN BEVOLKINGSGROEP

| Beroepsgroep | Bevolkingsgroep | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele en tegniese werkers | 35 | 100,0 | | | 35 | 100 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 109 | 100,0 | | | 109 | 100 |
| Klerklike werkers | 176 | 91,7 | 16 | 8,3 | 192 | 100 |
| Verkoops- en verwante werkers | 26 | 92,9 | 2 | 7,1 | 28 | 100 |
| Vervoerwerkers | 5 | 2,7 | 180 | 97,3 | 185 | 100 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 5 | 62,5 | 3 | 37,5 | 8 | 100 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 231 | 86,8 | 35 | 13,2 | 266 | 100 |
| Voormanne en toesighouers | 23 | 95,8 | 1 | 4,2 | 24 | 100 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 99 | 20,4 | 385 | 79,6 | 484 | 100 |
| Arbeiders (ongeskoold) | - | | 2927 | 100,0 | 2927 | 100 |
| TOTAAL | 709 | 16,7 | 3549 | 83,3 | 4258 | 100 |

Die tradisionele arbeidspatroon van die bevolkingsgroepe (Blank en Nie-Blank) in die Republiek van Suid-Afrika is duidelik in tabel 7.1 waarneembaar. Let byvoorbeeld daarop dat die beroepe in die twee hoogste beroepsgroepe, naamlik professionele en tegniese werkers en besturende en uitvoerende wer= kers slegs deur Blankes beoefen word terwyl die laagste beroep (ongeskoolde arbeiders) slegs deur Nie-Blankes beoefen word. Die feit dat 35 of 13,2 per= sent van die ambagsmanne en vakleerlinge en 16 (8,3 persent) van die klerklike werkers Nie-Blankes is, dui tog daarop dat die tendens om die gevestigde ar= beidspatroon wesentlik te verander, ook hier posgevat het. Van die 35 Nie-Blanke ambagsmanne is 31 meubelmakers, plaatmetaalwerkers en sweisers.

In tabel 7.2 A en B word die verspreiding van die verskillende beroeps= groepe oor die verskillende nywerheidsektore ontleed.

Volgens tabel 7.2 A kom 82,9 persent van die professionele en tegniese werkgeleenthede in slegs twee sektore, naamlik in die voedsel-, drank- en ta= baksektor en in die metalesektor voor. 'n Ander interessante verskynsel is die feit dat die voedsel-, drank- en tabaknywerheid wat vir 50,2 persent van die totale werkgeleenthede verantwoordelik is, vir 85,4 persent van die ver= voerwerkgeleenthede sorg. Dit is waarskynlik daaraan te wyte dat voedsel in baie gevalle gereeld aan verbruikers en/of kleinhandelaars afgelewer moet word. Dit is ook opvallend dat die metaalnywerheid wat vir slegs 27,3 persent van die totale werkgeleenthede verantwoordelik is, aan 56,0 persent van die opera= teurs en halfgeskoolde werkers en aan 57,1 persent van die verkoops- en ver= verwante werkers 'n werkgeleentheid verskaf (kyk tabel 7.2 A).

Blykens tabel 7.2 A is die verspreiding van ongeskoolde arbeiders oor die verskillende nywerheidsektore redelik in ooreenstemming met die versprei= ding van die totale werkgeleenthede oor die nywerheidsektore.

'n Interessante feit wat in tabel 7.2 B waargeneem kan word, is dat die persentasie ongeskoolde arbeiders wissel van 35,6 in die papier-, drukwerk- en verpakkingsnywerhede tot 81,7 in die mineraalnywerhede. In die geheel is die verhouding van die getal ander werkers tot ongeskoolde arbeiders ongeveer 1 tot 2,2 en van ander werkers tot ongeskoolde plus halfgeskoolde arbeiders en operateurs ongeveer 1 tot 4. Ten opsigte van die papier-, drukwerk- en verpakkingsnywerhede is die twee verhoudings onderskeidelik ongeveer 1 tot 0,6 en 1 tot 1 en vir die mineraalnywerhede is dit ongeveer 1 tot 4,5 en 1 tot 8,9. Daar moet egter duidelik besef word dat bogenoemde verhoudings nie noodwendig beteken dat die mineraalnywerheidsektor 'n arbeidsintensiewe sektor is en dat die papier-, drukwerk- en verpakkingssektor 'n kapitaalintensiewe sektor is nie, aangesien kapitaalintensiwiteit en arbeidsintensiwiteit nie be=

TABEL 7.2

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR

A

| Beroepsgroep | Nywerheidsektor: Voedsel, drank en tabak | | Tekstiel en leer | | Hout | | Papier | | Chemikalieë | | Minerale (nie-metaal) | | Metaal | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Professionele en tegniese werkers | 15 | 42,9 | 6 | 17,1 | | | | | | | | | 14 | 40,0 | 35 | 100 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 54 | 49,6 | 2 | 1,8 | 6 | 5,5 | 5 | 4,6 | 2 | 1,8 | 10 | 9,2 | 30 | 27,5 | 109 | 100 |
| Klerklike werkers | 104 | 54,2 | 11 | 5,7 | 1 | 0,5 | 8 | 4,2 | 2 | 1,0 | 11 | 5,7 | 55 | 28,7 | 192 | 100 |
| Verkoops- en verwante werkers | 11 | 39,3 | | | | | | | | | 1 | 3,6 | 16 | 57,1 | 28 | 100 |
| Vervoerwerkers | 158 | 85,4 | | | | | | | | | 9 | 4,9 | 18 | 9,7 | 185 | 100 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 2 | 25,0 | | | | | | | 1 | 12,5 | 2 | 25,0 | 3 | 37,5 | 8 | 100 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 57 | 21,4 | 2 | 0,7 | 43 | 16,2 | 28 | 10,5 | | | 27 | 10,2 | 109 | 41,0 | 266 | 100 |
| Voormanne en toesighouers | 13 | 54,2 | | | | | | | | | 1 | 4,1 | 10 | 41,7 | 24 | 100 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 127 | 26,3 | | | 19 | 3,9 | 15 | 3,1 | 3 | 0,6 | 49 | 10,1 | 271 | 56,0 | 484 | 100 |
| Arbeiders (ongeskoold) | 1595 | 54,5 | 70 | 2,4 | 90 | 3,1 | 31 | 1,0 | 12 | 0,4 | 491 | 16,8 | 638 | 21,8 | 2927 | 100 |
| TOTAAL | 2136 | 50,2 | 91 | 2,1 | 159 | 3,7 | 87 | 2,1 | 20 | 0,5 | 601 | 14,1 | 1164 | 27,3 | 4258 | 100 |

B

| Beroepsgroep | Voedsel, drank en tabak N | % | Tekstiel en leer N | % | Hout N | % | Papier N | % | Chemikalieë N | % | Minerale (nie-metaal) N | % | Metaal N | % | Totaal N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professionele en tegniese werkers | 15 | 0,7 | 6 | 6,6 | | | | | | | | | 14 | 1,2 | 35 | 0,8 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 54 | 2,5 | 2 | 2,2 | 6 | 3,8 | 5 | 5,8 | 2 | 10,0 | 10 | 1,7 | 30 | 2,6 | 109 | 2,6 |
| Klerklike werkers | 104 | 4,9 | 11 | 12,1 | 1 | 0,6 | 8 | 9,2 | 2 | 10,0 | 11 | 1,8 | 55 | 4,7 | 192 | 4,5 |
| Verkoops- en verwante werkers | 11 | 0,5 | | | | | | | | | 1 | 0,2 | 16 | 1,3 | 28 | 0,7 |
| Vervoerwerkers | 158 | 7,4 | | | | | | | | | 9 | 1,5 | 18 | 1,6 | 185 | 4,3 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 2 | 0,1 | | | | | | | 1 | 5,0 | 2 | 0,3 | 3 | 0,3 | 8 | 0,2 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 57 | 2,7 | 2 | 2,2 | 43 | 27,0 | 28 | 32,2 | | | 27 | 4,5 | 109 | 9,4 | 266 | 6,2 |
| Voormanne en toesighouers | 13 | 0,6 | | | | | | | | | 1 | 0,2 | 10 | 0,8 | 24 | 0,6 |
| Operateurs en halfgeskoolde wer= kers | 127 | 5,9 | | | 19 | 12,0 | 15 | 17,2 | 3 | 15,0 | 49 | 8,1 | 271 | 23,3 | 484 | 11,4 |
| Arbeiders (ongeskoold) | 1595 | 74,7 | 70 | 76,9 | 90 | 56,6 | 31 | 35,6 | 12 | 60,0 | 491 | 81,7 | 638 | 54,8 | 2927 | 68,7 |
| TOTAAL | 2136 | 100 | 91 | 100 | 159 | 100 | 87 | 100 | 20 | 100 | 601 | 100 | 1164 | 100 | 4258 | 100 |

paal word deur die verhouding ongeskoolde en/of halfgeskoolde arbeiders tot ander werkers nie. Dit word naamlik bepaal deur die verhouding arbeidskoste tot kapitale koste in die produksieproses. Gevolglik kan 'n groot persentasie halfgeskoolde arbeiders en operateurs soms juis dui op hoë kapitaalintensiwi= teit.

Die relatief hoë persentasies klerklike, professionele en tegniese wer= kers in die tekstiel en leernywerheidsektor kan toegeskryf word aan die feit dat die twee grootste werkgewers in die sektor twee katoenpluismeulens is wat ten tye van die opname buite werking was en gevolglik die meeste van hul onge= skoolde arbeid ontslaan het, terwyl hul geskoolde arbeiders in diens gehou is.

Die relatief hoë persentasie ambagsmanne in die papier-, drukwerk- en verpakkingsnywerheidsektor (32,2%) word heeltemal verstaanbaar indien in ag geneem word dat bykans al die werkgeleenthede in die sektor by drie drukkerye bestaan en dat die verhouding van ambagsmanne tot ander werkers in 'n drukkery redelik hoog is.

In tabel 7.3 word die beroepstruktuur van die gebied se sekondêre nywer= heidswerkers volgens bevolkingsgroep en volgens geslag ontleed.

TABEL 7.3

GEVULDE WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP, BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG
(a) Blank

| Beroepsgroep | | Geslag | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
| | | N | % | N | % | N | % |
| Professionele en tegniese werkers | N | 28 | 96,5 | 1 | 3,5 | 29 | 100 |
| | % | 5,3 | | 0,7 | | 4,3 | |
| Besturende en uitvoerende werkers | N | 105 | 96,3 | 4 | 3,7 | 109 | 100 |
| | % | 19,7 | | 3,1 | | 16,4 | |
| Klerklike werkers | N | 65 | 38,5 | 104 | 61,5 | 169 | 100 |
| | % | 12,2 | | 79,4 | | 25,5 | |
| Verkoops- en verwante werkers | N | 25 | 96,1 | 1 | 3,9 | 26 | 100 |
| | % | 4,7 | | 0,8 | | 3,9 | |
| Vervoerwerkers | N | 5 | 100,0 | | | 5 | 100 |
| | % | 0,9 | | | | 0,8 | |
| Werkers in dienshoedanigheid | N | 5 | 100,0 | | | 5 | 100 |
| | % | 0,9 | | | | 0,8 | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | N | 202 | 96,2 | 8 | 3,8 | 210 | 100 |
| | % | 37,9 | | 6,1 | | 31,6 | |
| Voormanne en toesighouers | N | 12 | 100,0 | | | 12 | 100 |
| | % | 2,3 | | | | 1,8 | |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | N | 86 | 86,9 | 13 | 13,1 | 99 | 100 |
| | % | 16,1 | | 9,9 | | 14,9 | |
| Arbeiders (ongeskoold) | N | | | | | | |
| | % | | | | | | |
| TOTAAL | N | 533 | 80,3 | 131 | 19,7 | 664 | 100 |
| | % | 100 | | 100 | | 100 | |

TABEL 7.3 (VERVOLG)

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | | Geslag | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
| | | N | % | N | % | N | % |
| Professionele en tegniese werkers | N | | | | | | |
| | % | | | | | | |
| Besturende en uitvoerende werkers | N | | | | | | |
| | % | | | | | | |
| Klerklike werkers | N | 13 | 81,2 | 3 | 18,8 | 16 | 100 |
| | % | 0,4 | | 1,3 | | 0,4 | |
| Verkoops- en verwante werkers | N | 2 | 100,0 | | | 2 | 100 |
| | % | 0,1 | | | | 0,1 | |
| Vervoerwerkers | N | 178 | 100,0 | | | 178 | 100 |
| | % | 5,4 | | | | 5,1 | |
| Werkers in dienshoedanigheid | N | 3 | 100,0 | | | 3 | 100 |
| | % | 0,1 | | | | 0,1 | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | N | 34 | 100,0 | | | 34 | 100 |
| | % | 1,0 | | | | 1,0 | |
| Voormanne en toesighouers | N | 1 | 100,0 | | | 1 | 100 |
| | % | 0,03 | | | | 0,03 | |
| Operateurs en halfgeskoolde | N | 317 | 83,9 | 61 | 16,1 | 378 | 100 |
| werkers | % | 9,6 | | 27,1 | | 10,7 | |
| Arbeiders (ongeskoold) | N | 2749 | 94,5 | 161 | 5,5 | 2910 | 100 |
| | % | 83,4 | | 71,6 | | 82,6 | |
| TOTAAL | N | 3297 | 93,6 | 225 | 6,4 | 3522 | 100 |
| | % | 100 | | 100 | | 100 | |

Uit tabel 7.3 (a) blyk dat die emansipasie van die vrou 'n redelik geringe invloed op die tradisionele geslagsberoepstruktuur van die Blanke werkers in die gebied uitgeoefen het. Let byvoorbeeld daarop dat slegs 1 of 3,5 persent van die professionele en tegniese werkers en slegs 4 of 3,7 persent van die besturende en uitvoerende werkers vroue is terwyl 104 of 61,5 persent van die Blanke klerke vroue is.

Die Nie-Blankes se geslagsberoepstruktuur sien volgens tabel 7.3 (b) daar heeltemal anders uit as dié van die Blankes. Eerstens is daar geen Nie-Blankes in die eerste twee beroepskategorieë nie en van die Nie-Blanke klerke is slegs 3 of 18,8 persent vroue.

Behalwe in die klerklike beroep word Nie-Blanke vroue slegs in nog twee beroepsgroepe (halfgeskoolde en ongeskoolde arbeiders en operateurs) aangetref (kyk tabel 7.3 (b)).

Laastens kan vermeld word dat slegs 48 of 1,4 persent van die gebied se Nie-Blanke sekondêre nywerheidswerknemers Indiërs of Kleurlinge is.

## 8 WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES

Die term kwalifikasievereistes dui op die minimum kwalifikasie waaroor 'n aspirant-werker moet beskik voordat 'n werkgewer hom in 'n bepaalde betrekking sal aanstel. Werkgewers is ook gevra om die ideale kwalifikasie waaroor 'n werker na hul mening moet beskik om bepaalde betrekkings suksesvol te beklee, aan te dui. Die reaksie op die vraag was egter so onbevredigend dat daar nie oor gerapporteer sal word nie.

In tabel 8.1 word die gebied se sekondêre nywerheidswerkgeleenthede volgens beroepsgroep, bevolkingsgroep en volgens akademiese kwalifikasievereistes en in tabel 8.2 volgens akademiese en/of professionele kwalifikasievereistes en bevolkingsgroep ontleed.

21974

TABEL 8.1

WERKGELEENTHEDE VOLGENS AKADEMIESE KWALIFIKASIEVEREISTES, BEROEPSGROEP EN BEVOLKINGSGROEP

(a) Blank

| Beroepsgroep | | Kwalifikasievereistes | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen | Lees en skryf | St.6 tot st.7 | St.8 | St.10 | Graad | Totaal |
| Professionele en tegniese werkers | | | | | 15 | 12 | 8 | 35 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | 10 | | 5 | 19 | 57 | 18 | 109 |
| Klerklike werkers | | | | 3 | 55 | 114 | 4 | 176 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | | 1 | 25 | | 26 |
| Vervoerwerkers | | 1 | | | 4 | | | 5 |
| Werkers in dienshoedanigheid | | 1 | 1 | 2 | 1 | | | 5 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | 2 | | 8 | 216 | 5 | | 231 |
| Voormanne en toesighouers | | 8 | 4 | | 10 | | 1 | 23 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | 73 | | 14 | 9 | 3 | | 99 |
| Arbeiders (ongeskoold) | | | | | | | | |
| TOTAAL | N | 95 | 5 | 32 | 330 | 216 | 31 | 709 |
| | % | 13,4 | 0,7 | 4,5 | 46,5 | 30,5 | 4,4 | 100 |
| | (b) | Nie-Blank | | | | | | |
| Professionele en tegniese werkers | | | | | | | | |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | |
| Klerklike werkers | | 1 | | 2 | 8 | 5 | | 16 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | | 2 | | | 2 |
| Vervoerwerkers | | | 106 | 65 | 9 | | | 180 |
| Werkers in dienshoedanigheid | | 2 | 1 | | | | | 3 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | 1 | | 34 | | | 35 |
| Voormanne en toesighouers | | 1 | | | | | | 1 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | 335 | 21 | 29 | | | | 385 |
| Arbeiders (ongeskoold) | | 2919 | 8 | | | | | 2927 |
| TOTAAL | N | 3258 | 137 | 96 | 53 | 5 | - | 3549 |
| | % | 91,8 | 3,9 | 2,7 | 1,5 | 0,1 | | 100 |

TABEL 8.2

WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE EN BEVOLKINGSGROEP

| Kwalifikasievereiste | Bevolkingsgroep | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Geen opleiding | 95 | 2,8 | 3258 | 97,2 | 3353 | 100 |
| Lees en skryf | 5 | 3,5 | 137 | 96,5 | 142 | 100 |
| St. 6 tot st. 7 | 32 | 25,0 | 96 | 75,0 | 128 | 100 |
| St. 8 | 99 | 83,9 | 19 | 16,1 | 118 | 100 |
| St. 8 plus beroepskwalifikasie | 231 | 87,2 | 34 | 12,8 | 265 | 100 |
| St. 10 | 169 | 97,1 | 5 | 2,9 | 174 | 100 |
| St. 10 plus beroepskwalifikasie | 47 | 100,0 | | | 47 | 100 |
| B-graad | 31 | 100,0 | | | 31 | 100 |
| TOTAAL | 709 | 16,7 | 3549 | 83,3 | 4258 | 100 |

Blykens tabel 8.1 is daar 'n kwalifikasievereiste van st.10 en hoër aan 247 of 34,9 persent van die werkgeleenthede vir Blankes verbonde terwyl dit as kwalifikasievereiste vir slegs 5 of 0,1 persent van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes gestel word. Net so word st.8 as kwalifikasievereiste gestel vir 330 of 46,5 persent van die werkgeleenthede vir Blankes maar net vir 53 of 1,5 persent van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes.

Aan die ander kant van die kwalifikasieleer is die bevolkingsgroepver= spreiding net mooi andersom. Aan 3258 of 91,8 persent van die Nie-Blanke wer= kers word geen kwalifikasievereiste gestel nie terwyl van 'n verdere 137 of 3,9 persent slegs verwag word dat hulle kan lees en skryf. Daarteenoor word van slegs 95 of 13,4 persent van die Blanke werkers geen akademiese kwalifi= kasies verwag nie. Daar dien egter op gelet te word dat in die meeste gevalle waar 'n werkgewer geen akademiese kwalifikasie van 'n Blanke werker verwag nie, hy tog die voorwaarde stel dat die werker die werk moet kan doen waarby hy dan aanvaar dat alle Blankes in die Republiek van Suid-Afrika minstens 'n paar jaar skoolopleiding gehad het.

Uit tabel 8.2 blyk dat daar ten opsigte van 278 (231 + 47) werkgeleent= hede vir Blankes en 34 werkgeleenthede vir Nie-Blankes bo en behalwe 'n akade= miese kwalifikasievereiste ook nog die een of ander beroepskwalifikasiever= eiste gestel word. In die meeste gevalle is dit slegs 'n voltooide vakleer= lingskap wat vereis word.

## 9 ARBEIDSTEKORTE

In tabel 9.1 word die arbeidstekorte wat in sekondêre nywerhede in die gebied ondervind word, volgens beroepsgroep en volgens bevolkingsgroep ontleed.

TABEL 9.1

ARBEIDSTEKORTE VOLGENS BEROEPSGROEP EN BEVOLKINGSGROEP

(a) Blank

| Beroepsgroep | | Werkgeleenthede | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Gevulde poste | | Ongevulde poste | | Totaal | |
| | | N | % | N | % | N | % |
| Professionele en tegniese werkers | N | 29 | 82,9 | 6 | 17,1 | 35 | 100 |
| | % | 4,3 | | 13,3 | | 4,9 | |
| Besturende en uitvoerende werkers | N | 109 | 100,0 | | | 109 | 100 |
| | % | 16,4 | | | | 15,4 | |
| Klerklike werkers | N | 169 | 96,0 | 7 | 4,0 | 176 | 100 |
| | % | 25,5 | | 15,6 | | 24,8 | |
| Verkoops- en verwante werkers | N | 26 | 100,0 | | | 26 | 100 |
| | % | 3,9 | | | | 3,7 | |
| Vervoerwerkers | N | 5 | 100,0 | | | 5 | 100 |
| | % | 0,8 | | | | 0,7 | |
| Werkers in dienshoedanigheid | N | 5 | 100,0 | | | 5 | 100 |
| | % | 0,8 | | | | 0,7 | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | N | 210 | 90,9 | 21 | 9,1 | 231 | 100 |
| | % | 31,6 | | 46,7 | | 32,6 | |
| Voormanne en toesighouers | N | 12 | 52,2 | 11 | 47,8 | 23 | 100 |
| | % | 1,8 | | 24,4 | | 3,2 | |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | N | 99 | 100,0 | | | 99 | 100 |
| | % | 14,9 | | | | 14,0 | |
| Arbeiders (ongeskoold) | N | | | | | | |
| | % | | | | | | |
| TOTAAL | N | 664 | 93,7 | 45 | 6,3 | 709 | 100 |
| | % | 100 | | 100 | | 100 | |

TABEL 9.1 (VERVOLG)

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | | Werkgeleenthede | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Gevulde poste | | Ongevulde poste | | Totaal | |
| | | N | % | N | % | N | % |
| Professionele en tegniese werkers | N | | | | | | |
| | % | | | | | | |
| Besturende en uitvoerende werkers | N | | | | | | |
| | % | | | | | | |
| Klerklike werkers | N | 16 | 100,0 | | | 16 | 100 |
| | % | 0,4 | | | | 0,4 | |
| Verkoops- en verwante werkers | N | 2 | 100,0 | | | 2 | 100 |
| | % | 0,1 | | | | 0,1 | |
| Vervoerwerkers | N | 178 | 98,9 | 2 | 1,1 | 180 | 100 |
| | % | 5,1 | | 7,4 | | 5,1 | |
| Werkers in dienshoedanigheid | N | 3 | 100,0 | | | 3 | 100 |
| | % | 0,1 | | | | 0,1 | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | N | 34 | 97,1 | 1 | 2,9 | 35 | 100 |
| | % | 1,0 | | 3,7 | | 1,0 | |
| Voormanne en toesighouers | N | 1 | 100,0 | | | 1 | 100 |
| | % | 0,03 | | | | 0,03 | |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | N | 378 | 98,2 | 7 | 1,8 | 385 | 100 |
| | % | 10,7 | | 25,9 | | 10,8 | |
| Arbeiders (ongeskoold) | N | 2910 | 99,4 | 17 | 0,6 | 2927 | 100 |
| | % | 82,6 | | 63,0 | | 82,5 | |
| TOTAAL | N | 3522 | 99,2 | 27 | 0,8 | 3549 | 100 |
| | % | 100 | | 100 | | 100 | |

Blykens tabel 9.1 is 45 of 6,3 persent van die 709 werkgeleenthede vir Blanke werkers in sekondêre nywerhede in die gebied vakant. Van die 45 ongevulde poste is 21 werkgeleenthede vir ambagsmanne en vakleerlinge. Dit verteenwoordig 9,1 persent van die getal werkgeleenthede vir ambagsmanne en vakleerlinge en 46,7 persent van die 45 vakatures. Verder bestaan daar 11 vakatures vir Blanke voormanne en toesighouers. Dit is 47,8 persent van die poste vir Blanke voormanne en toesighouers en 24,4 persent van die 45 vakatures.

Een van die oorspronklike doelstellings van die beleid van grensgebiedontwikkeling, naamlik om Bantoes in die grensnywerhede op te lei om geskoolde nywerheids- en bestuursberoepe suksesvol te beoefen sodat hulle later 'n positiewe bydrae kan lewer tot die industrialisasie van hul eie tuislande, vereis dat Bantoewerkers in die grensnywerhede minstens aan die begin onder toesig en leiding van geskoolde en ervare Blankes sal moet werk. In dié lig wil dit voorkom asof die bogenoemde tekorte aan ambagsmanne, voormanne en toesighouers moontlik 'n remmende invloed op die implementering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling kan hê.

Uit tabel 9.1 blyk verder dat die tekort aan Nie-Blanke werkers slegs 27 of 0,8 persent van die 3549 werkgeleenthede vir Nie-Blankes bedra en dat 63,0 persent daarvan in die beroepsgroep arbeiders is. 'n Tekort van minder as 3 persent kan as 'n blote transitoverskynsel beskou word en verdien geen verdere aandag nie veral waar dit nie met werkloosheidsyfers in die betrokke arbeidsmark vergelyk kan word nie.

## 10 GROEI IN WERKGELEENTHEDE NOVEMBER 1969 TOT NOVEMBER 1973

Ten einde groei in werkgeleenthede in die sekondêre nywerhede in die betrokke gebied te bepaal, is die werkgewers gevra om aan te dui hoeveel werkers hulle een jaar gelede, dit wil sê, in November 1969 in diens gehad het en hoe=

veel bykomende werkers hulle na verwagting oor die volgende drie jaar, dit wil sê tot November 1973, in diens sal neem.

## 10.1 GROEI IN WERKGELEENTHEDE VAN NOVEMBER 1969 TOT NOVEMBER 1970

Al die werkgewers was beide in staat en gewillig om hul ondernemings se indiensnemingssyfers vir November 1969 te verstrek. Die groei in die getal werkgeleenthede oor die jaar November 1969 tot November 1970 soos hieronder gerapporteer, kan dus as heeltemal betroubaar aanvaar word.

In tabel 10.1 word die groei in werkgeleenthede in die sekondêre nywer= hede in die gebied volgens landdrosdistrik en bevolkingsgroep ontleed en in tabel 10.2 word dit volgens nywerheidsektor en bevolkingsgroep ontleed.

TABEL 10.1

GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS DISTRIK EN BEVOLKINGSGROEP 1969-1970

(a) Blank

| Distrik | Werkgeleenthede | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1969 | 1970 | Toename | Persentasie-toename |
| Warmbad | 29 | 49 | 20 | 69,0 |
| Groblersdal | 44 | 59 | 15 | 34,1 |
| Pietersburg | 265 | 333 | 68 | 25,7 |
| Potgietersrust | 243 | 257 | 14 | 5,8 |
| Waterberg | 14 | 11 | -3 | -21,4 |
| TOTAAL | 595 | 709 | 114 | 19,2 |
| **(b) Nie-Blank** | | | | |
| Warmbad | 160 | 186 | 26 | 16,3 |
| Groblersdal | 250 | 308 | 58 | 23,2 |
| Pietersburg | 1600 | 2002 | 402 | 25,1 |
| Potgietersrust | 764 | 944 | 180 | 23,6 |
| Waterberg | 100 | 109 | 9 | 9,0 |
| TOTAAL | 2874 | 3549 | 675 | 23,5 |
| **(c) Alle Bevolkingsgroepe** | | | | |
| Warmbad | 189 | 235 | 46 | 24,3 |
| Groblersdal | 294 | 367 | 73 | 24,8 |
| Pietersburg | 1865 | 2335 | 470 | 25,2 |
| Potgietersrust | 1007 | 1201 | 194 | 19,3 |
| Waterberg | 114 | 120 | 6 | 5,3 |
| TOTAAL | 3469 | 4258 | 789 | 22,7 |

TABEL 10.2

GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEVOLKINGSGROEP 1969-1970

(a) Blank

| Nywerheidsektor | Werkgeleenthede | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1969 | 1970 | Toename | Persentasie-toename |
| Voedsel, drank en tabak | 208 | 253 | 45 | 21,6 |
| Tekstiel en leer | 10 | 18 | 8 | 80,0 |
| Hout | 15 | 21 | 6 | 40,0 |
| Papier | 49 | 55 | 6 | 12,3 |
| Chemikalieë | 2 | 5 | 3 | 150,0 |
| Minerale (nie-metaal) | 28 | 58 | 30 | 107,1 |
| Metaal | 283 | 299 | 16 | 5,7 |
| TOTAAL | 595 | 709 | 114 | 19,2 |

(b) Nie-Blank

| Nywerheidsektor | 1969 | 1970 | Toename | Persentasie-toename |
|---|---|---|---|---|
| Voedsel, drank en tabak | 1590 | 1883 | 293 | 18,4 |
| Tekstiel en leer | 61 | 73 | 12 | 19,7 |
| Hout | 101 | 138 | 37 | 36,6 |
| Papier | 29 | 32 | 3 | 10,4 |
| Chemikalieë | 12 | 15 | 3 | 25,0 |
| Minerale (nie-metaal) | 387 | 543 | 156 | 40,3 |
| Metaal | 694 | 865 | 171 | 24,6 |
| TOTAAL | 2874 | 3549 | 675 | 23,5 |

In tabel 10.1 kan gesien word dat die getal werkgeleenthede vir Blankes van November 1969 tot November 1970 met 19,2 persent toegeneem het. Die persentasiegroei of afname in die getal werkgeleenthede in die verskillende landdrosdistrikte het egter gewissel van 'n afname van 21,4 persent in die Waterbergse landdrosdistrik tot 'n toename van 69,0 persent in die Warmbadse landdrosdistrik. Aangesien die werklike getal werkers waarmee indiensneming in die Waterbergse landdrosdistrik afgeneem het, so klein is (naamlik 3) kan geen geldige gevolgtrekkings daarop gebaseer word nie. In die lig van wat in par. 5 gesê is, wil dit egter voorkom asof daar in hierdie geval wel met veiligheid aanvaar kan word dat moontlikhede vir sekondêre nywerheidsindiensneming van Blankes in die Waterbergse landdrosdistrik besig is om te verminder.

Werkgeleenthede in sekondêre nywerhede vir Nie-Blankes het volgens tabel 10.1 oor die jaar November 1969 tot November 1970 met 23,5 persent toegeneem. Die toenamekoers het egter gewissel van 9,0 persent in die Waterbergse landdrosdistrik tot 25,1 persent in die Pietersburgse landdrosdistrik.

Alhoewel die groeikoers vir werkgeleenthede vir Blankes in sekondêre nywerhede van 1969 tot 1970 in drie landdrosdistrikte dus hoër was as die groeikoers vir werkgeleenthede vir Nie-Blankes, is dit beslis nie 'n verskynsel wat kommer hoef te baar nie en wel om die volgende redes:

(a) Die numeriese toename in werkgeleenthede vir Nie-Blankes was aansienlik hoër as die vir Blankes (675 teenoor 114).

(b) Industrialisasie in die twee landdrosdistrikte waar die groeikoers vir werkgeleenthede vir Blankes aansienlik hoër was as die groeikoers vir werkgeleenthede vir Nie-Blankes (Groblersdal en Warmbad) kom eintlik maar nou eers op dreef. Gevolglik kan verwag word dat die toesighouers- en opleidingsfunksie van die Blanke werker tans daar nog 'n groter rol in die nywerheidslewe speel as in distrikte waar industrialisasie al lankal aan die gang is.

(c) 'n Groot persentasie van die werkgewers wat oor die onderwerp uitgevra is, het verklaar dat die groeikoers van werkgeleenthede vir Nie-Blankes aansienlik hoër sou gewees het indien hulle goedkeuring sou gehad het om Nie-

Blankes in diens te neem in sommige van die beroepe waarin hulle tans ver=plig is om Blankes in diens te neem.

Blykens tabel 10.2 het die indiensnemingsgroeikoers oor die jaar 1969 tot 1970 ook aansienlik van nywerheidsektor tot nywerheidsektor gewissel. Vir die Blankes het dit gewissel van 5,7 persent in die metaalnywerhede tot 150,0 persent in die chemikalieënywerhede. Die werklike getal werkers waar=mee indiensneming in die chemikalieënywerhede toegeneem het, is egter slegs 3. Die tweede hoogste groeikoers, 80,0 persent, is deur die tekstiel- en leerbedryf beleef waar die werklike toename in indiensneming slegs 8 werkers was. Numeries was die grootste toename by die voedsel-, drank- en tabaknywer=heid, naamlik 45. Die toename in die minerale nywerheid is ook noemenswaar=dig.

Die groeikoers by indiensneming in sekondêre nywerhede vir Nie-Blankes het volgens tabel 10.2 gewissel van 10,4 persent in die papier-, drukwerk- en verpakkingsnywerhede tot 40,3 persent in die mineraalnywerhede.

Die relatief lae groeikoers in die metaalnywerhede moet waarskynlik toe=geskryf word aan die heersende staaltekort, terwyl dié in die papier-, druk=werk- en verpakkingsnywerhede moontlik aan die invloed van meganisasie of die benutting van bestaande maar onbenutte produksiekapasiteit toegeskryf kan word.

Wat die groei in werkgeleenthede vir albei rassegroepe aanbetref, kan volgens tabel 10.1 waargeneem word dat die groeikoers wat wissel van 5,3 per=sent in die Waterbergse landdrosdistrik tot 25,2 persent in die Pietersburgse landdrosdistrik, aansienlik hoër is as die verwagte groeikoers in werkgeleent=hede vir die hele land (2,6% vir Blankes en 2,5% vir Nie-Blankes) wat deur die EOP voorsien word indien die taakstellingsgroeikoers van 5,5 persent in die bruto binnelandse produk gerealiseer word (kyk EOP 1970-1975 tabel C).

## 10.2 DIE VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VAN NOVEMBER 1970 TOT NOVEMBER 1973

Alhoewel alle werkgewers heeltemal gewillig was om 'n skatting oor die moontlike groei in werkgeleenthede by hul ondernemings oor die periode Novem=ber 1970 tot November 1973 te waag, het 'n groot persentasie van hulle beklem=toon dat daar nie baie peil op so 'n skatting getrek kan word nie, aangesien daar te veel faktore van onbekende grootte is wat dit kan beïnvloed. Werkge=wers in die metaalnywerhede het byvoorbeeld deurgaans die beskikbaarheid van staal as so 'n faktor genoem. Ander werkgewers weer was van mening dat die be=skikbaarheid al dan nie van sement, hul arbeidsvraag grootliks sou beïnvloed. Sulke werkgewers is dan altyd versoek om hul skatting te baseer op die veron=derstelling dat staal en sement vryelik beskikbaar sou wees.

Werkgewers in die Pietersburgse landdrosdistrik het gekla dat hulle uit=breidingsprogramme moes laat vaar of op die lange baan skuif omdat hulle nie genoeg Bantoearbeiders in diens kan neem nie. Hulle beweer dat hulle wel die Bantoes in die Bantoetuislande kan werf, maar dat daar nie die nodige huis=vesting vir hulle in Pietersburg beskikbaar is nie. Sodanige tekorte of ge=waande tekorte is nie in die tabelle opgeneem nie.

In tabel 10.3 word die verwagte groei in werkgeleenthede volgens landdros=distrik, in tabel 10.4 volgens nywerheidsektor en in tabel 10.5 volgens be=roepsgroep ontleed.

Blykens tabel 10.3 verwag die werkgewers dat totale werkgeleenthede van 1970 tot 1973 teen 'n koers van 10,4 persent per jaar sal toeneem. Dit is bykans vier keer so vinnig as die verwagte groeikoers in werkgeleenthede wat volgens die EOP sal volg op die realisering van die 5,5 persenttaakstellings=groeikoers in die bruto binnelandse produk, naamlik 2,6 persent per jaar vir Blankes en 2,5 persent per jaar vir Nie-Blankes (kyk EOP 1970-1975 tabel C).

TABEL 10.3

VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS DISTRIK 1970-1973

| Distrik | Werkgeleent= hede 1970 | Verwagte toename 1970-1973 | Jaarlikse verwagte groeikoers |
|---|---|---|---|
| Warmbad | 235 | 38 | 5,4 |
| Groblersdal | 367 | 148 | 13,4 |
| Pietersburg | 2335 | 952 | 13,6 |
| Potgietersrust | 1201 | 178 | 4,9 |
| Waterberg | 120 | 7 | 1,9 |
| TOTAAL | 4258 | 1323 | 10,4 |

TABEL 10.4

VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR 1970-1973

| Nywerheidsektor | Werkgeleent= hede 1970 | Verwagte toename 1970-1973 | Jaarlikse verwagte groeikoers |
|---|---|---|---|
| Voedsel, drank en tabak | 2136 | 421 | 6,6 |
| Tekstiel en leer | 91 | 1 | 0,4 |
| Hout | 159 | 85 | 17,8 |
| Papier, drukwerk en verpakking | 87 | 6 | 2,3 |
| Chemikalieë | 20 | 5 | 8,3 |
| Minerale (nie-metaal) | 601 | 288 | 16,0 |
| Metaal | 1164 | 517 | 14,8 |
| TOTAAL | 4258 | 1323 | 10,4 |

TABEL 10.5

VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP 1970-1973

| Beroepsgroep | Werkgeleent= hede 1970 | Verwagte toename 1970-1973 | Jaarlikse verwagte groeikoers |
|---|---|---|---|
| Professionele en tegniese werkers | 35 | 8 | 7,6 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 109 | 3 | 0,9 |
| Klerklike werkers | 192 | 37 | 6,4 |
| Verkoops- en verwante werkers | 28 | 3 | 3,6 |
| Vervoerwerkers | 185 | 24 | 4,3 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 8 | 1 | 4,2 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 266 | 86 | 10,8 |
| Voormanne en toesighouers | 24 | 4 | 5,6 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 484 | 194 | 13,4 |
| Arbeiders (ongeskoold) | 2927 | 963 | 11,0 |
| TOTAAL | 4258 | 1323 | 10,4 |

Die verwagte groei in werkgeleenthede wissel egter van 1,9 persent per jaar in die Waterbergse landdrosdistrik tot 13,4 en 13,6 persent per jaar in die Groblersdalse en Pietersburgse landdrosdistrikte. Dit is 'n bemoedigende teken dat die hoogste groeikoers verwag word in landdrosdistrikte waar die dorpe die naaste aan groot Bantoetuislande is.

Blykens tabel 10.4 word die vernaamste groei in drie nywerheidsektore verwag, naamlik hout, metale en ander minerale. Na verwagting sal die metaal= bedryf alleen verantwoordelik wees vir 'n toename van 517 werkgeleenthede oor die periode 1970-1973. Dit is 39,1 persent van die totale verwagte toename van 1323 werkgeleenthede. Alhoewel die jaarlikse groeikoers in werkgeleenthe=

de in die voedsel-, drank- en tabakbedryf na verwagting slegs 6,6 persent per jaar sal wees, is die voedsel-, drank- en tabakbedryf vir die tweede grootste verwagte toename in werklike werkgeleenthede verantwoordelik, naam= lik 421 of 31,8 persent van die totale verwagte toename van 1323 werkgeleent= hede.

Wanneer daar op die verwagte toename in werkgeleenthede volgens beroeps= groep gelet word (kyk tabel 10.5), dan is dit verblydend dat die twee hoogste groeikoerse verwag word in die beroepsgroepe wat hoofsaaklik deur Nie-Blankes beoefen word, naamlik ongeskoolde en halfgeskoolde arbeiders en operateurs. Die twee beroepe is verantwoordelik vir 1157 of 87,5 persent van die verwagte toename van 1323 werkgeleenthede van 1970 tot 1973.

Alle werkgewers het verklaar dat hulle Bantoewerknemers in die 1157 toe= komstige betrekkings vir ongeskoolde en halfgeskoolde arbeiders en operateurs verkies. Die derde hoogste toenamekoers (10,8 persent per jaar) sal na ver= wagting in die beroepsgroep ambagsmanne en vakleerlinge voorkom. Die groot meerderheid van die werkgewers wat 'n toename in werkgeleentheid vir ambagsman= ne en vakleerlinge in hul ondernemings verwag, het te kenne gegee dat hulle graag Bantoevakmanne in diens sal wil neem. Met slegs enkele uitsonderings was almal van mening dat Bantoeambagsmanne in staat sal wees om, na die nodige opleiding en onder toesig van 'n Blanke voorman, die verwagte toekomstige be= trekkings vir ambagsmanne bevredigend te vul. 'n Paar werkgewers het beweer dat die meeste werk wat 'n jaar of vyf gelede nog deur Blanke ambagsmanne in hul ondernemings gedoen is, vandag deur Bantoewerkers gedoen word.

Enkele werkgewers het ook te kenne gegee dat hulle bereid en in staat is om die grootste persentasie van die verwagte toekomstige betrekkings in hul ondernemings vir vervoer-, verkoops- en klerklike werkers met Bantoewerkers te vul.

Indien daar onthou word dat een van die oorspronklike doeleindes van die beleid van grensgebiedontwikkeling was, dat Bantoes vanuit die tuislande in die grensnywerhede die nodige nywerheids- en bestuurstegnieke moes aanleer wat hulle in staat sal stel om later soortgelyke bedrywe in die Bantoetuislan= de te beman (kyk prof. F.J. Potgieter, 1, 4-5), dan lyk die huidige beroeps= verspreiding van Bantoewerknemers in die gebied nie baie bevredigend nie (kyk tabel 7.3(b)).Uit wat hierbo gesê is,wil dit egter voorkom asof die verwagte toekomstige beroepsverspreiding neig om in die gewenste rigting te verander. Die mate van sukses wat egter met die indiensopleiding van Bantoes in grens= nywerhede behaal word, sal onder andere afhang van faktore soos die steun van werkgewers en vakbonde, werkreservering, loonpeile, die beskikbaarheid van Blanke werkers, ensovoorts.

Laastens kan daarop gewys word dat 'n persentasie van die ondernemings in die gebied se groeipotensiaal net deur 'n gebrek aan kapitaal en nie arbeid nie, aan bande gelê word. Dit mag egter ook moontlik wees dat die gebrek aan kapi= taal minstens in sommige gevalle toegeskryf moet word aan 'n gebrekkige kennis van bestuurstegnieke en meer in die besonder aan 'n gebrekkige kennis van fi= nansieringstegnieke en beskikbare kapitaalbronne.

## 11 WERKGELEENTHEDE VOLGENS ONDERNEMINGSGROOTTE

In tabel 11.1 verskyn 'n ontleding van die 106 sekondêre nywerheidsonder= nemings in die gebied volgens die getal werknemers wat elke onderneming in diens het.

Blykens tabel 11.1 is daar maar net 11 sekondêre nywerheidsondernemings in die gebied wat meer as 100 werknemers in diens het, waarvan slegs een meer as 200 en nog een meer as 400 werknemers in diens het. Daarteenoor het 50 of 47,2 persent van die 106 ondernemings minder as 20 werknemers in diens.

TABEL 11.1

WERKGELEENTHEDE VOLGENS ONDERNEMINGSGROOTTE

| Getal werkgeleenthede | Getal ondernemings | Persentasie |
|---|---|---|
| 1 - 9 | 28 | 26,4 |
| 10 - 19 | 22 | 20,8 |
| 20 - 39 | 27 | 25,5 |
| 40 - 59 | 10 | 9,4 |
| 60 - 99 | 8 | 7,6 |
| 100 -199 | 9 | 8,5 |
| 200 -399 | 1 | 0,9 |
| 400 -599 | 1 | 0,9 |
| TOTAAL | 106 | 100 |

Daar moet egter onthou word, dat 'n Bantoewerknemer 'n baie groter kans in 'n klein onderneming het om produksie- en bestuurstegnieke wat hy later sal no= dig kry, indien hyself ondernemer in sy eie tuisland wil word, aan te leer. Die werknemer in 'n baie groot onderneming loop gevaar om slegs ervaring van 'n baie gespesialiseerde taak op te doen.

12 SAMEVATTING

'n Opname van die werkgeleenthede in sekondêre nywerhede in die Blankege= biede van die Groblersdalse, die Warmbadse, die Waterbergse, die Potgieters= rustse en die Pietersburgse landdrosdistrikte is in November 1970 gemaak. Die tuislande van die Noord-Sothobevolkingsgroep is binne die grense van die vyf landdrosdistrikte geleë. Die vernaamste bevindings is die volgende:

12.1 Daar is 4258 werkgeleenthede in 106 sekondêre nywerheidsondernemings in die gebied waarvan 2335 of 54,8 persent in die Pietersburgse en 1201 of 28,2 persent in die Potgietersrustse landdrosdistrikte voorkom (kyk par. 6). Van die 106 sekondêre nywerheidsondernemings het 104 minder as 20 werknemers elk in diens (kyk par. 11). Verder is daar slegs in die Potgietersrustse en Pie= tersburgse landdrosdistrikte sprake van industrialisasie wat op ander grond= stowwe as die plaaslik geproduseerde landbou- en veeteeltprodukte gebaseer is (kyk par. 6).

12.2 Die helfte (2136 of 50,2%) van die gebied se sekondêre nywerheidswerkge= leenthede kom in die voedsel-, drank- en tabaksektor voor (kyk par. 6).

12.3 Van die 4258 sekondêre nywerheidswerkgeleenthede in die gebied is 709 of 16,7 persent vir Blankes en 3549 of 83,3 persent vir Nie-Blankes. Die verhou= ding van die getal sekondêre nywerheidswerkgeleenthede vir Blankes tot dié vir Nie-Blankes in die gebied is dus 1 tot 5,0. Die verhouding in die verskillen= de distrikte wissel egter van 1 tot 3,7 in die Potgietersrustse landdrosdis= trik tot 1 tot 9,9 in die Waterbergse landdrosdistrik (kyk par. 5).

12.4 Die verhouding van die getal ander werkers tot die getal ongeskoolde ar= beiders wissel van 1 tot 0,6 in die papier-, drukwerk- en verpakkingsnywerheid tot 1 tot 4,5 in die mineraalnywerheid. Nie-Blanke vroue word egter hoofsaak= lik in ongeskoolde en halfgeskoolde beroepe aangetref (kyk par. 7).

12.5 Die kwalifikasievereistes vir 247 of 34,9 persent van die werkgeleenthede vir Blankes en vir 5 of 0,1 persent van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes in sekondêre nywerhede is st. 10 of hoër. Aan die res van die werkgeleenthede is 'n kwalifikasievereiste van minder as st. 10 verbonde, terwyl aan 3258 of 91,8 persent van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes geen kwalifikasievereiste ver= bonde is nie (kyk par. 8).

12.6 Daar is nie juis sprake van 'n ernstige tekort aan Nie-Blanke werknemers nie, maar die tekort aan 21 Blanke ambagsmanne en vakleerlinge, wat op 9,1 persent van die werkgeleenthede vir Blanke ambagsmanne en vakleerlinge in se=

kondêre nywerhede te staan kom, kan moontlik die verdere ekonomiese ontwikkeling van die betrokke grensgebiede aan bande lê (kyk par. 9).

12.7 Die getal werkgeleenthede vir Blankes en Nie-Blankes in sekondêre nywerhede in die gebied het van November 1969 tot November 1970 onderskeidelik met 114 of 19,2 persent (van 595 tot 709) en met 675 of 23,5 persent (van 2874 tot 3549) toegeneem (kyk par. 10.1).

12.8 Na verwagting sal die getal werkgeleenthede vir Blankes en Nie-Blankes in tans bestaande sekondêre nywerhede in die gebied van 1970 tot 1973 met 1323 of 10,4 persent per jaar toeneem. Dit is vier keer so vinnig as die groeikoers vir werkgeleenthede wat in die EOP in die vooruitsig gestel word. By die bogenoemde nuwe werkgeleenthede moet dan nog die nuwe werkgeleenthede wat in nuwe sekondêre nywerhede asook in primêre en tersiêre nywerhede geskep sal word, getel word (kyk par. 10.2).

12.9 Dit wil voorkom asof daar 'n tendens in die gebied waarneembaar is om meer Bantoes in beroepe wat tradisioneel deur Blankes beoefen was, soos ambagsman en klerk, in diens te neem (kyk par. 7 en 10.2).

## 13 SLOT

Van der Merwe (2,31) bereken dat daar van 1970 tot 1980 jaarliks tussen 4400 en 6100 nuwe Noord-Sothowerkers tot die arbeidsmark sal toetree. Volgens 'n berig in <u>Hoofstad</u> van 3 Oktober 1971 woon 56 persent van die Noord-Sothovolk binne die grense van hul eie tuisland. Dit beteken dus dat daar jaarliks minstens 2464 (d.i. 56% van 4400) nuwe Noord-Sothowerkers vanuit die Noord-Sotho-tuislande tot die arbeidsmark sal toetree.

Volgens hierdie opname sal daar van 1970 tot 1973 slegs 441 nuwe werkgeleenthede per jaar vir beide Blanke en Nie-Blanke werkers in tans bestaande sekondêre nywerhede in die gebied ontstaan. Dit beteken dat minstens 2000 Noord-Sothowerkers per jaar beskikbaar sal wees vir nuwe sekondêre nywerheidsondernemings in die grensgebiede asook vir groei in werkgeleenthede in die primêre en tersiêre nywerheidsektore sowel as vir die groei in werkgeleenthede binne die grense van die tuislande.

Ten einde inligting beskikbaar te stel wat vir doeltreffende beplanning van grensgebiedontwikkeling aangewend kan word, is dit wenslik dat opnames van werkgeleenthede in die gebied op 'n periodieke grondslag onderneem sal word.

## LITERATUURLYS


1 POTGIETER, F.J. Die Grensnywerheidskema in Suid-Afrika. Referaat gelewer voor die konferensie van die Instituut vir bevordering van Calvinisme. Potchefstroom, 1970.

2 LOMBARD, J.A. Die staatkundige en administratiewe beginsels van tuislandont= wikkeling. Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede. No. 6.

3 DEPARTEMENT VAN BEPLANNING. Ekonomiese ontwikkelingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika 1970-1975. Pretoria, Staatsdrukker.

BYLAE : VRAELYS

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Telegramme : "RAGEN"
Telefoon : 28831 Bylyn: 82

PRIVAATSAK X 41,
PRETORIA.

Instituut: Mannekragnavorsing
Navrae: P. Hartman

Verw. N/2/2/3

MANNEKRAGOPNAME : GRENSGEBIEDNYWERHEDE

Geagte Werkgewer,

Sal u so vriendelik wees om hierdie vraelys ten opsigte van u organisasie in te vul.

Voordele vir u: 1. Dit gee u die geleentheid om u behoeftes aan werknemers te stel.
2. Dit gee die owerhede geleentheid om u behoeftes aan werknemers te leer ken.

Stuur asseblief die voltooide vraelys in die ingeslote koevert terug.

Dankie vir u samewerking.

P R E S I D E N T

__________________ Vraelysnommer (1-4)

1. Naam en adres van onderneming
....................................
....................................
....................................
2. Datum ..........................(5-6)
3. Gebied .........................(7-8)

4. Soort besigheid
......................................
..............................(9-11)
5. Datum van oprigting............(12-13)
6. Hulp van staatsweë ontvang ..........
......................................
................................(14)
7. Die totale getal werknemers wat 1 jaar gelede by u gewerk het insluitende uself

| Blank | Bantoe | Ander |
|---|---|---|
| | | |
| (15-18) | (19-22) | (23-26) |

8. Kommentaar .........................
......................................
......................................
......................................
......................................
......................................

VOLTOOI ASSEBLIEF ITEMS 9-18 OP KEERSY

## BESTAANDE BEROEPE

| 9 | 10 | | | | | | 11 | | 12 | | 13 | 14 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Naam van elke beroep in u onderneming, bv. eienaar, klerk, mes= selaar, arbeider | Getal persone in diens by u onder= neming vir elke beroep in kolom 9 | | | | | | Getal persone wat u tans addisioneel tot dié in kolom 10 in diens kan neem | | Getal bykomende poste oor 3 jaar vir elke beroep in kolom 9 | | Minimum opvoedkundige kwalifikasievereistes vir elke beroep | Ideale opvoedkun= dige kwalifika= sievereistes vir elke beroep |
| | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | | | | |
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | B | NB | B | NB | | |
| (27-29) | (30-32) | (33-35) | (36-38) | (39-41) | (42-44) | (45-47) | (48-50) | | (51-53) | | (54-56) | (57-59) (60-62) |

## TOEKOMSTIGE BEROEPE

| 15 | 16 | | 17 | 18 |
|---|---|---|---|---|
| Nuwe beroepe wat in die volgende 3 jaar gaan ontstaan | Die getal poste wat vir elk van die nuwe beroepe in die volgende 3 jaar gaan ontstaan | | Die minimum opvoedkundige kwalifikasievereistes vir elke nuwe beroep | Die ideale opvoedkundige kwalifikasievereistes vir elke nuwe beroep |
| | B | NB | | |
| (27-29) | (51-53) | | (54-56) | (57-59) (60-62) |

VIR KANTOORGEBRUIK

| | | |
|---|---|---|
| 68 | 69 | 70 |
| 71 | 72 | 73 |
| 74 | 75 | 76 |

Projeknommer

MM 21 (77-80)

## ANDER RGN-PUBLIKASIES

### GESKIEDENIS

G-1/Kruger, D.W./'n Stamregister van die Eloffs van Suid-Afrika/1971/(In druk)

### INLIGTING

Humanitas, Tydskrif vir Navorsing in die Geesteswetenskappe/Verskyn minstens twee keer per jaar/R1,50

Nuusbrief/Maandelikse publikasie met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks/R0,55

IN-1/Fourie, E.C./Register van huidige navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1968/1969/R2,75

IN-2/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite I (UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA en ALGEMEEN)/1969/R1,10

IN-4/Waardebepalings van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/1970/R0,55

IN-7/Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1970/R1,15

IN-8/Stimie, C.M./Algemene Inligting/1971/Gratis

IN-10/Fourie, E.C./Register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1969/1970/R3,25

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteitsopleiding/1971/R0,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in South Africa/1970/R0,50/(slegs Engels)

IN-14/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die RSA en in die buiteland/1971/R2,15

### KOMMUNIKASIE

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika/1970/R1,35

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/R0,40

KOMM-3/Erasmus, P.F./'n Ondersoek na die moontlike aanwending van massakommunikasiemedia in die bevordering van padveiligheid/1971/R0,65

### MANNEKRAG

MM-1/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/R0,35

MM-2/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/R0,30

MM-3/Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/R0,50

MM-4/Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswanatuisland/1970/R0,90

MM-12/Ebersohn, D./Die nasionale register van natuur- en geesteswetenskaplikes soos op 30 September 1967/Gratis

MM-13/Terblanche, S.S. en Van der Westhuizen, A.I./Die vraag na en aanbod van Kleurlingmannekrag, 1973/1970/R0,35

MM-14/Wolmarans, C.P./Die plek en funksie van navorsing op die gebied van Publieke Administrasie in die Instituut vir Mannekragnavorsing/1970/Gratis

MM-15/Meij, L.R./Die bestudering van die menslike faktore wat 'n rol speel in die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande/1970/R1,85

MM-16/Terblanche, S.S./Die verband tussen inkomsteverskille, beroep en onderwyspeil van ekonomies bedrywige Blankes in 1960/R1,00 Uit druk

MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1,50

MM-18/Boshoff, F./Die rol van lone in die volkshuishouding/1971/R3,35

MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1,50

MM-25/Terblanche, S.S. en Van der Westhuizen, A.I./Die vraag na en aanbod van Blanke mannekrag, 1973/1971/R1,35

MM-27/Boshoff, F./Die loonstruktuur van hooggekwalifiseerde Blanke werknemers soos op 1 Maart 1971/1971/R1,00

MT-1/Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname/1970/R0,65

MT-2/Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/R0,70

MT-3/Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1970/R0,50

MT-4/Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd ses-seuns/1970/R0,55

MT-5/Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50

MT-6/Strijdom, H.G./Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-leerlinge/1971/(In druk)

MT-7/Smith, F.B./Die epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderrig ontvang nie/1971/R0,60

MT-8/Smith, F.B./Die ondergemiddelde leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1971/R0,55

## NAVORSINGSONTWIKKELING

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar/Gratis

NORD-1/Fourie, E.C./Aanvulling tot die 1969-register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1971/R1,90

## OPVOEDKUNDE

O-8/Hattingh, D.L./Die onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,65

O-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/(In druk)

PSIGOMETRIKA

Katalogus (Toetse vir Blankes)/Gratis

Katalogus (Toetse vir Nie-Blanke volksgroepe)/Gratis

P-4/Madge, E.M./Angs by psigopatiese en nie-psigopatiese gevangenes/1971/R0,60

P-1/Madge, E.M./Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel/1971/R0,85

SOSIOLOGIE

S-1/Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2/Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H. van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3/Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4/Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5/Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6/Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7/Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin/1970/R0,55

S-8/Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/R1,20

S-9/Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare. Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by die pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/R1,45

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40 (slegs Engels)

S-14/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Kleurlinge in die Metropolitaanse gebied van Kaapstad/1971/R1,75

STATISTIEK

WS-2/Basson, J.D./'n Ontleding van die onderwysfinansies in Suid-Afrika/1971/(In druk)

TAAL, LETTERE EN KUNS

Nienaber, P.J./Suid-Afrikaanse Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/1970/Gratis

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/Gratis

ISBN 0 86965 045 9